**Donderdag 24 Maart**

**Skrifgedeelte: Matteus 16:13-20**
**Fokusgedeelte: Matteus 16:17**

## Jesus bring geestelike lewe

Jesus vra twee diepgaande vrae vir die dissipels. Eerstens wil Hy weet: "Wie sê die mense, is die Seun van die mens?" Die dissipels beweeg tussen die mense en sou beter weet wat hulle siening is. Niemand sien Hom egter as die Messias nie.

Die tweede vraag is: "Maar julle, wie sê julle, is Ek?" Petrus antwoord dan namens die dissipels: "U is die Christus, die Seun van die lewende God."

Twee dinge staan baie sterk uit in hierdie antwoord. Eerstens identifiseer Hy Jesus as die Messias, die Een wat vir ewig op die troon van Dawid sal regeer. Tweedens, en dalk meer belangrik, verklaar hy die Godheid van Jesus. Hy is die Seun van die lewende God. Petrus bely dat Jesus God Self is wat gekom het om sy mense te verlos.

Só belangrik is hierdie belydenis van Petrus dat Jesus verklaar dat dit nie uit homself kom nie, maar dat dit 'n goddelike openbaring was. Wie Christus se Godheid nie erken en bely nie, besef nie die waarde van sy koms nie. Besef nie wat dit Hom gekos het om vir ons sondes te kom ly en sterf nie. As Hy nie God was nie, dan het sy dood geen meer waarde gehad as dié van enige ander mens nie. Omdat Jesus God is, het sy dood onskatbare betekenis en kan dit sondes wegneem.

Wie aan hierdie belydenis vasgryp, sien die lewe as 'n gawe uit God se hand, word deur die Heilige Gees begelei om die sin en doel van die lewe daarin te sien dat God in beheer is en dat ons in gehoorsaamheid aan Hom moet lewe. Die lewe lê in Hom wat die lewe is.

*Sing: Skrifberyming 3-1:3*

*Dr. TC (Theuns) de Klerk (Okahandja)*